

TOPIA BY BBM MET ROMEINE, MEI 2018

Wat 'n voorreg wat dit nie weer om saam met 36 tweede jaars deur Romeine te kon werk nie. Die Heilige Gees werk nou maar net eenvoudig kragtiger in en deur jou as jy 14 ure oor vier dae lank binne die Woord besig is om klas te gee en net soveel en meer tyd spandeer in voorbereiding.



Die Here is besig om studente van 32 verskillende lande hier voor te berei om BBM se visie van: "Africa for Jesus" uit te leef. Elkeen het 'n eie getuigenis van hoe God in hulle lewens werk.



Alhoewel maar 'n druppel in die emmer van die behoeftes hier, loop my hart oor van dankbaarheid vir my gemeente, Gereformeerde Kerk Rooihuiskraal, wat met oop harte bygedra het dat ek met 'n kar vol seëninge hier kon aankom.



'n Vol kar was steeds maar een kledingstuk vir elke persoon en een ete, maar die waardering hier by BBM was groot. En mens sukkel maar om die knop in die keel weg te sluk as dit die man van Etohopië se beurt is om iets van die tafels af te kies en hy antwoord hy sal later kom as almal iets gekry het...

In vas en gebed het BBM hierdie week gebid vir fondse vir die studente wat nie hulle studies kan betaal nie en vir materiaal om die ouditorium se bouwerk te kan klaarmaak. Waar dit hier tekort skiet in materiale dinge word veelvuldig opgemaak deur geestlike rykdom wat mens elke minuut van die dag hier beleef.

Meer as een keer hierdie week het ek gewens ons gemeente kan beleef hoe passievol hulle sing, hoe volhardend hulle bid, en hoeveel hulle die Woord bestudeer. Ek sukkel maar om in Engels vry van my notas te praat, maar veral om te bid, ek sal regtig nog gewoon moet raak daaraan, maar ten spyte van die taal, is die grootste droom wat ek hierdie week gekry het, om soos my studente te kan bid. Voorwaar 'n voorbeeld om na te streef.



Gasvryheid kry 'n nuwe definisie wat nie in woordeboeke gekry kan word nie: Water word vir my aangedra, hulle help om my goed op te pak, kos word vir my ingeskep en oral word mens vriendelik gegroet met 'n glimlag wat die volheid van die Gees uitstraal.

Die vrae en bespreking in die klas was so verrykend en ek sal openlik erken dat ek net soveel daardeur geleer het as die studente. Ek was aangenaam verras toe ek hoor, as ons tussenin breek, dat die gesprekke buite die klas gegaan het oor wat ons tans behandel het – die inhoud leef in hulle harte.



Ek het hulle gistermiddag in hulle groepe ingedeel met 'n vraag om te bespreek en gevra dat elke groep vanoggend moes kom terugvoer gee. Groot was my verbasing vanoggend oor die moeite wat hulle gedoen het in die voorbereiding en die diepte van die terugvoer. Dis opvallend hoe netjies hulle aantrek, veral as hulle êrens moet voorgaan in een of ander terugvoer of gebed. Hierdie foto was hoe my een student aangetrek het vir vanoggend se terugvoer aan die klas. Die pak wat ons by ons gemeente nie meer 'n nut voor gehad het nie, was wel heeltemal te groot, maar hier kom hy tot sy reg. Sy passievolle terugvoer en gebed het daardie pak gevul soos sy vorige eenaar maar net sou droom om te kon doen.

Dankie Elreza en Shai dat julle my die geleentheid gee om hier by julle te kom groei. Julle is 'n inspirasie en 'n mens gaan nie onaangeraak weg as mens in julle geselskap was nie. Johannes, by Topia, jou passie en ondersteuning het hierdie vuurtjie aangesteek, dankie vir jou vertroue in my. Aan my gesin wat vir my die ruimte en vryheid gee om 'n week te mag wegloop vir my passie, dankie ek waardeer dit regtig. Dank aan die hemelse Vader dat Hy dit, saam met my werksverpligtinge, vir my moontlik kon maak. As die Here wil, maak ons Augustus weer so.